basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WE SUPPORT QUALITY EDUCATION • LOVE, RESPECT AND ACCEPTANCE FOR ALL •

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
GRAAD 9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
TOETS

PUNTE: 100

PUNTE	

TYD: 2½ uur

PROVINSIE _____

DISTRIK _____

KRING _____

SKOOL _____

EMIS-NOMMER (9 syfers)

KLAS (bv. 9A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN		DOGTER	

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D

Die toets bestaan uit 24 bladsye, die buiteblad uitgesluit.

Instruksies aan leerders

Die onderwyser moet die instruksies voorlees en die oefenvoorbeelde saam met die leerders doen.

1. Lees al die instruksies aandagtig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies voorsien.
3. Waar daar ’n meervoudigekeuse-vraag is, omkring slegs die korrekte antwoord.
4. Waar slegs een woord gegee moet word, skryf slegs die woord in die spasie voorsien.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Oefenvoorbeelde

1. Watter land word deur die Bafana Bafana-sokkerspan verteenwoordig?

   A Australië

   B Suid-Afrika

   C Kameroen

   D Nigerië

   Jy het die vraag korrek beantwoord as jy die letter (B) omkring het.

2. Identifiseer die selfstandige naamwoord in die volgende sin.

   Die boek is interessant.

   Jy het reg geantwoord as jy "boek" op die lyntjie geskryf het.

3. Gee **twee** redes waarom jy dink jy skool die jaar sal geniet.

   _____

   _____.

   Jy moet iets soos volg skryf:

   Ek sal skool hierdie jaar geniet, want my Afrikaans-onderwyser is vriendelik.

   Ek sal dit geniet, want my ou vriend het teruggekom na ons skool toe.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord vrae 1-10.

Die Suid-Afrikaanse Vetsugkrisis

1. Suid-Afrikaners word vetter. Ons is derde geplaas op die wêreld se vetsuglys deur die Compas Groep se 2011 Suidelike Afrika-verslag. Dit is ’n bewys dat vetsug oor die wêreld heen ondervind word.

2. Vetsug is ’n gesondheidsrisiko wat nie oornag plaasvind nie. Wanneer daar na baie skole se snoepwinkels gekyk word, sien mens baie wegneemstalletjies en kosstalletjies wat agtuur in die oggend oliebolle verkoop en warm aartappelskyfies vir middagete. Daar is ook verkoopmasjiene wat met versoete drankies gepak is. Word daar nie van 'n plek van opvoeding en leer juis verwag dat leerders die gevare van slegte eetgewoontes sal verstaan nie? Moet skole nie self ook gesonder eetgewoontes bevorder nie? Jy sal so dink, maar dit is nie die geval nie.

3. Nog 'n bydraende faktor is globalisering. Tegnologie het veroorsaak dat ons so vinnig ontwikkel dat wegneemetes deel van ons daaglikse lewens geword het. Die wete dat kos net 'n telefoonoproep ver is en 'n mikrogolfete net 'n paar minute neem om bedien te word, het ons lui gemaak.

4. As gevolg hiervan, stel die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) voor dat gesonde voedsel in skole en gemeenskappe bevorder word. Gesonde voedsel wat in gemeenskaps- en skooltuine gekweek word, is goedkoper en meer aanvaarbaar as kitskosetes (wegneemetes). In Suid-Afrika word tradisionele kos, soos boontjies, geassosieer met 'n lae sosiale status. Suid-Afrikaners verkies om te eet soos mense in ryker lande deur gemorskos te koop, wat daartoe gelei het dat oorgewig 'n probleem is wat Suid-Afrikaners in die gesig staar.

5. Tradisionele Afrika-stapelvoedsel van stysel, suiker en vleis help definitief nie met ’n laekalorie-dieet nie. Ek beweer nie dat tradisionele kos skadelik is of 'n lae voedingswaarde het nie; navorsing het egter getoon dat dit nie genoeg is vir ’n gesonde dieet nie. Hoe balanseer ons tradisie en goeie voeding? Hoe kan ons weer oor ons houding oor kos dink?

6. Ons moet oor vetsug gesels. Ons moet verstaan waarom so baie van ons vet is. Ons moet dink oor **wat** ons eet en **waarom** ons dit eet. Die volgende moet in gedagte gehou word wanneer ons oorgewig beveg: die instel van bewusmakingsprogramme in skole en gemeenskappe, wydverspreide opvoeding oor dieet, gesonde eetplanne en werkswinkels om gesonde kookmetodes te bevorder. Ons moet die beskikbaarheid van ongesonde kos en drankies in openbare plekke soos lughawens, treinstasies, skole en hospitale verminder. Hoe gouer ons begin verstaan wat 'n gesonde dieet werklik beteken, hoe gouer sal ons met ons nasie se ongesonde eetgewoontes kan wegdoen.

[Verwerk uit: *News 24,* 7 Februarie 2013]

Woordbank:
Vetsug – vet of oorgewig
Globalisering – oor die hele wêreld heen

1. Wat is die doel van die koerantartikel?

   Om die leser in te lig oor ...

   A vetsug.
   B globalisering.
   C kultuur.
   D tradisie. (1)

2. Lees die volgende stelling:

   Suid-Afrikaners het lui geword as gevolg van wegneemetes en mikrogolf-etes.

   Is die stelling feit of opinie? Staaf jou antwoord met 'n rede.

   _____
   _____
   _____ (2)

3. Verwys na paragraaf 4.

Waar kan gesonde kos gekweek word?

_____

_____ (2)

4. Verwys na paragraaf 1.

Volgens 'n verslag in 2011 is vetsug 'n _____ probleem.

A derdewêreldse
B eerstewêreldse
C wêreldwye
D streeks- (1)

5. Die vraag: "Moet skole nie self gesonder eetgewoontes bevorder nie?" (paragraaf 2) gee te kenne dat skole ...

A nie gesonde eetgewoontes bevorder nie.
B gesonde eetprogramme het.
C gesonde eetgewoontes bevorder.
D ongesonde kos verkoop. (1)

6. Verwys na paragraaf 5.

Wat is die skrywer se siening omtrent tradisionele Afrika-kos?

_____

_____ (2)

7. Lees paragraaf 6.

Skryf **vyf** hoofgedagtes neer oor hoe om jou skool oor gesonde eetgewoontes op te voed en in te lig.

- Gebruik jou eie woorde so ver as moontlik.
- Skryf een feit per reël.
- Jy mag nie meer as 60 woorde gebruik nie.

1 _____

_____

2 _____

_____

3 _____

_____

4 _____

_____

5 _____

_____

Getal woorde**:**_____ (5)

8. Verwys na die woord "tradisionele" in paragraaf 5.

Kies 'n antoniem (teenoorgestelde) uit die volgende opsies hieronder:

A Nasionale
B Gewoonte
C Gebruiklike
D Moderne

(1)

9. Dink jy vetsug is die gevolg van slegte eetgewoontes? Gee 'n rede om jou antwoord te ondersteun.

_____

_____

_____ (2)

10. Wat is die boodskap van hierdie artikel?

A Probeer om gesond te eet.
B Vermy tradisionele kos.
C Berei gemorskos voor.
D Ondersteun jou skool se snoepwinkel. (1)

11. Lees die onderstaande teks aandagtig deur.
Daar is **sewe** foute in die teks.
Vind en maak die foute reg. Skryf slegs die antwoorde neer.

Daar word aanbefeel dat ons elke dag ten minste fyf porsies van verskillende groente en vrugte eet. Dit is makliker as wat dit klink. 'n glas met 100% onversoete vrugte sap tel as een porsie. Waarom nie 'n piesang by jou pap insny vir ontbyt of jou gebruiklike oggend versnapering vir gedroogte vrugte reil nie

1. _____
2. _____
3. _____
4 _____
5. _____
6. _____
7. _____ (7)

12. Skryf die sin in die indirekte rede. Begin die sin soos aangedui.

Die dieetkundige sê: “Ek is die voorvegter teen die wêreld se vetsugepidemie.”

Die dieetkundige sê dat_____
_____
_____ (2)

13. Skryf die sin in die direkte rede. Begin die sin soos aangedui.

Die joernalis het gesê dat Suid-Afrikaners moet verstaan waarom so baie van hulle oorgewig is.

Die joernalis het gesê: “
_____
_____
_____ (2)

14. Skryf die sin in die verlede tyd. Begin die sin soos aangedui.

Die regering beveg vetsug.

Die regering _____ (1)

15. Skryf die sin in die toekomende tyd. Begin die sin soos aangedui.

Die ou kosidees is vir gemorskos met 'n hoër status agtergelaat.

Die ou kosidees _____
_____
_____ (1)

16. Skryf die sin oor en kies die korrekte werkwoord tussen hakies.

Die dieetkundige (verkondig/bekondig) gesonde kookmetodes deur uitgebreide dieetprogramme.

_____
_____
_____ (1)

17. Benoem die onderstreepte woordsoort in die sin.
Bv. Sy eet <u>hongerig</u> haar kos.
Antwoord: <u>Bywoord</u>

Ons moet die beskikbaarheid van <u>ongesonde</u> kos verminder.

_____ (1)

18. Identifiseer die saamgestelde sin.

A Tradisionele kos dra nie tot 'n laekalorie-dieet by nie.
B Ons moet altyd gesels oor vetsug en ongesond eet.
C Terwyl ons vetsug beveg, gaan kosstalletjies voort om gemorskos te verkoop.
D Hy hou van gemorskos en sy hou van tradisionele gesonde kos. (1)

19. Skryf die volgende sin in die lydende vorm.

Snoepwinkels verkoop in die oggend oliebolle.

Oliebolle _____
_____ (2)

20. Voltooi die sin deur die regte voorsetsel in te vul.

Om vetsug te beveg moet jy 'n ooreenkoms _____ die dieetkundige aangaan ten opsigte van 'n gesonde dieet. (1)

21. Skryf die woord tussen hakies in die korrekte vorm.

Daar is 'n behoefte om ons nasie se ongesonde eetgewoontes nog (vinnig) te stop.

_____ (1)

22. Verbind die twee sinne met die voegwoord in hakies.
Ons moet oor vetsug gesels. Ons moet verstaan hoekom so baie van ons vet is. (want)

_____
_____
_____ (1)

23. Voltooi die sin deur die korrekte versamelnaam neer te skryf.

Jy hoef nie 'n _____ piesangs te eet om gesond te bly nie. (1)

24. Skryf die enkelvoud van die onderstreepte woord.

Die instelling van bewusmakingsprogramme in skole en <u>gemeenskappe</u> is belangrik.

_____ (1)

25. Skryf die meervoud van die onderstreepte woord.

Jou liggaam het water nodig om jou <u>nier</u> en lewer te help om afvalprodukte af te skei.

_____ (1)

Bestudeer die woordeboekinskrywing en beantwoord vrae 26-30.

Re-pu-ta'sie, (-s). (s.nw.). Goeie naam, aansien; agting; eer: *Sy reputasie is op die spel. Getrou bly aan jou reputasie, 'n Reputasie hê,* 'n slegte naam hê, bv. As 'n skelm, 'n ontugtige, e.d. [L. *putare* dink].

26. Die afkorting vir 'n byvoeglike naamwoord is **b.nw**.
Waarvoor staan die inskrywing **s.nw.**?

s.nw._____ (1)

27. Gebruik die woord "reputasie" in jou eie sin, om te wys dat jy die betekenis daarvan verstaan.

_____
_____
_____ (2)

28. Uit watter taal is die woord "reputasie" afkomstig?

_____ (1)

29. Gee **een** woord met dieselfde betekenis (sinoniem) as die woord “reputasie".

_____ (1)

30. Voltooi die onderstaande sin deur die korrekte trap van vergelyking in te vul.

Karel het 'n goeie reputasie , maar sy klasmaat Thabo het die _____ reputasie van almal. (1)

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae 31-37.

Weigh-Less

Jou Gids tot Beter Gesondheid!

Uitgewer: Weigh-Less

Kontakpersoon: Samantha Watt

Telefoon: 031 765 1600

Faks: 031 765 1640

E-pos: Samantha.Watt@weighless.co.za

Die Weigh-Less tydskrif gee 'n algehele lewensbestuursinstrument – 'n verfrissende mengsel van opvoeding en inspirasie vir die belangstel in 'n reis na 'beter gesondheid en welstand'.

31. Die advertensie is geplaas deur ...

A Samantha Watt.
B lewenstylbestuurders.
C Weigh-Less-tydskrif.
D Weigh-Less.co.za.

(1)

32. Wie is die teikenmark vir die advertensie?

A Samantha Watt
B Vakansiegangers
C Gewigsbewustes
D Maer mense

(1)

33. Waarom is "Weigh-Less" in grootskrif geskryf?

_____
_____ (2)

34. Wat is die slagspreuk van die advertensie?

_____
_____ (2)

35. Noem **twee** voordele van die Weigh-less-program.

_____
_____ (2)

36. ''Die Weigh-Less tydskrif gee 'n algehele lewensbestuursinstrument – 'n verfrissende mengsel van opvoeding en inspirasie vir dié wat belangstel in 'n reis na beter gesondheid en welstand.''

Wat is die doel van die stelling hierbo?

Dit is om ...

A te bewys dat die produk beter is as ander produkte.
B verbruikers te ontmoedig om die produk wat geadverteer word te koop.
C die verbruiker deur mooi praatjies te oortuig.
D dominansie te toon deur van 'n model gebruik te maak. (1)

37. Wat word in die advertensie geadverteer?
Weigh-Less- ...

A tydskrif
B besigheid
C vakansie
D kos (1)

Bestudeer die eetplan hieronder en beantwoord vrae 38-41:

Eetgesond dieetplan

Dag 1	Dag 2	DAG 3
Ontbyt 1 koppie afgeroomde melk 1 koppie Cheerios-ontbytgraan	**Ontbyt** 1 koppie afgeroomde melk 1 koppie semelontbytgraan	**Ontbyt** 1 volgraan Engelse muffin 1 koppie afgeroomde melk
Oggendversnapering 1 koppie druiwe	**Oggendversnapering** 1 kiwivrug	**Oggendversnapering** 1 klein appeltjie
Middagete 'n volgraanpitabroodjie (klein) 1 koppie afgeroomde melk 1 roomysstokkie	**Middagete** blaarslaai, gekerf 1 volgraanpitabroodjie	**Middagete** 1 koppie gemengde slaai ½ koppie vars pynappel Semelbroodjie
Middagversnapering 3 selderystokkies	**Middagversnapering** 6 eetlepels vetvrye vanielje- of suurlemoenjoghurt	**Middagversnapering** 6 eetlepels vetvrye vanielje- of suurlemoenjoghurt
Aandete ½ koppie gekookte bruinrys Groen/geelbone met wilde sampioene Geroosterde vis ½ piesang (klein)	**Aandete** 1 koppie gestoomde Brusselse spruite Amandelkors-hoendervingers 1 medium perske	**Aandete** Spinasie 1 koppie afgeroomde melk ½ koppie gekookte rys 1 medium nektarien

38. Watter vrug is nie by oggendversnapering ingesluit nie?

A Kiwivrug
B Appel
C Druiwe
D Mango (1)

39. Watter gesondheidsdrankie is die meeste in die dieetplan gebruik?

_____ (1)

40. Skryf die **twee** groentesoorte neer wat op Dag 1 vir aandete voorgestel word.

_____

_____ (2)

41. Volgens die eetplan kan 'n persoon 1 koppie druiwe een keer op _____ geniet.

A dag 1 en 4, met middag- en aandete
B dag 1, met oggendversnapering
C dag 3, met aandete
D dag 4, met middagete (1)

Bestudeer die strokiesprent en beantwoord vrae 42-46.



42. Verwys na die strokiesprent.

Wat is die verhouding tussen die twee karakters?

_____ (1)

43. Wat is die siening van die strokiesprentskrywer oor die tieners in Raampie 3?

_____

_____ (2)

44. Watter uitdrukking is op Lucy se gesig in Raampie 1?

A Ontevredenheid
B Entoesiasme
C Verbasing
D Woede

(1)

45. Hoe wys die strokiesprentskrywer dat Joe en Lucy nie op dieselfde plek is nie?

_____

(1)

46. Haal **twee** woorde uit Raampie 2 aan wat daarop dui dat koeldrank aangenaam is.

_____
_____

(2)

Bestudeer die gedig en beantwoord vrae 47-52.

Winternag

Deur Eugene Marais

O koud is die windjie
en skraal.
En blink in die dof-lig
en kaal,
so wyd as die Heer se genade,
lê die velde in sterlig en skade.
En hoog in die rande,
versprei in die brande,
is die grassaad aan roere
soos winkende hande.

O treurig die wysie
op die ooswind se maat,
soos die lied van 'n meisie
in haar liefde verlaat.
In elk' grashalm se vou
blink 'n druppel van dou,
en vinnig verbleek dit
tot ryp in die kou!

47. Die mens het vyf sintuie (tas/voel, reuk, sig/sien, gehoor en smaak/proe).

Skryf die sintuig en die woord neer wat die spreker in strofe 1 en 2 gebruik.

Strofe 1 _____ _____ (2)

Strofe 2 _____ _____ (2)

48. Met verwysing na reël 9 en 10 "is die grassaad aan roere/soos winkende hande" identifiseer die beeldspraak.

A Eufemisme
B Metafoor
C Vergelyking
D Ironie (1)

49. Met verwysing na reëls 12 en 13, "op die ooswind se maat/soos die lied", identifiseer die halfrym wat gebruik word.

A Onomatopee
B Assonansie
C Ritme
D Rym (1)

50. In reël 10 gee die spreker menslike eienskappe aan die gras.

50.1 Haal **een** woord aan om hierdie stelling te bewys.

_____ (1)

50.2 Wat word die beeldspraak in reël 10 genoem?

_____ (1)

51. Die woord "treurig" verwys na die spreker se gevoel van ...

A bangheid.
B treurigheid.
C beskerming.
D geïrriteerdheid. (1)

52. Verduidelik in jou eie woorde hoe die spreker die dou op die grashalm sien (reël 15–18).

_____

_____

_____ (2)

53. Skryf 'n **dialoog** tussen Moloi en Rose. Hulle bespreek sekere moontlikhede wat deur die snoepwinkel verkoop kan word. Lees die scenario hieronder voordat jy begin skryf.

Dit is pouse by die skool. Moloi en Rose is honger en hulle wil graag gesonde kos by die snoepwinkel koop.

Die eerste twee reëls word vir jou gegee. Gaan voort en skryf die dialoog.

- Die lengte van die dialoog moet 120–130 woorde wees.
- Beplan jou dialoog.
- Skenk aandag aan die formaat, register en inhoud.
- Lees weer deur en redigeer jou dialoog.
- Skryf die finale skryfstuk op die aangehegte bladsy.
- Jou dialoog sal aan die hand van die volgende kriteria bepunt word:
    - Beplanning en redigering
    - Inhoud, oorspronklikheid, bewustheid van die teikengroep (styl) en samehang
    - Woordeskat, spelling, sinskonstruksie, idiomatiese uitdrukking en punktuasie (20)

BEPLANNING

FINALE PRODUK

Moloi: Ek het nie vanoggend ontbyt geëet nie.

Rose: O aarde! Die snoepwinkel verkoop glad nie gesonde kos nie!

(20)

	Kriteria	Leerder se punt	Totaal
1	Beplanning en redigering		**5**
2	Ontwikkeling van inhoud, samehang, oorspronklikheid, styl en formaat		**10**
3	Taal en register		**5**
	Totaal		**20**

GROOTTOTAAL: 100